

VAN STAMVERWANTE BODEM

Van die direksie van die *Rijksmuseum* (Amsterdam) is nommers 4 (1961), I (1962) en 2/3(1962) van die *Bulletin* ontvang. In die tweede nommer skryf dr. A. van Schendel oor die lewe en betekenis van sy voorganger dr. D. C. Roëll (1894-1961) en wy dr. R. van Luttervelt 'n puik geïllustreerde bydrae aan 'n penskildery van die beroemde Nederlandse see- en skepeskilder Willem van de Velde snr., wat die seeslag by Bergen (1665) voorstel. In die laasgenoemde nommer skryf J. Verbeek oor 'n aantal seldsame vorsteportrette van die hand van verteenwoordigers van die De Passe-geslag (o.m. van koning Karel I van Engeland, koning Lodewyk XIII, Albertus van Oostenryk, prins Maurits en koning Gustaaf Adolf). 'n Afsonderlike, ryk geïllustreerde uitgawe *Kinderen in de Nederlandse schilderkunst* (40 bls., inleidings in Nederlands en Engels van B. Haak) het betrekking op skilderye uit die tydperk 1480-1700 en is o.m. ook belangrik met betrekking tot die ontwikkeling van die kleredrag deur die eeue. Die gebouekompleks van die genoemde museum is onlangs met 'n dertigtal sale en 'n aula vergroot, jaarliks besoek ongeveer 600,000 persone (80% nie-Nederlanders en 10% kinders) die museum.

In die jongste uitgawe van die *Jaarboek van de Maatschappij der Nederlandse Letterkunde* te Leiden (1961-1962) kom o.m. die volgende lewensberigte voor: Ernst George Jansen (prof. dr. G. S. Nienaber), Frederik Oudschans Dentz (dr. Jan Ploeger), Taco Hayo Milo (prof. dr. H. Baudet). In November 1962 is in Haarlem (Nederland) die bekende geskiedskrywer dr. J. S. Bartstra, in ons land veral bekend deur sy *Geschiedenis van het moderne Imperialisme*, oorlede. In 1950 is deur die *Maatschappij der Nederlandse Letterkunde* 'n prys aan dr. B. toegeken „voor zijn baanbrekend werk op het terrein van de internasionale politieke geschiedenis”.

In Januarie 1963 het die Belgiese Posterye die nagedagtenis van die historikus prof. Henri Pirenne deur die uitgifte van 'n spesiale posseël herdenk. Pirenne is in 1862 in Verviers gebore, sy promosie het in 1883 gevolg. Daarna was hy hoogleraar te Luik en Gent. Hy het groot bekendheid verwerf as skrywer oor die Middeleeuse stad en sy *Histoire de Belgique* (1899-1932). Die laaste werk is 'n kenmerkende voorbeeld van die klein-Belgiese geskiedskrywing.

In Oktober 1962 is in Den Haag 'n Belgies-Nederlandse kulturele byeenkoms gehou. In sy rede het die Belgiese Minister van Kulturele Aangeleenthede (R. A. van Elslande) by dié geleentheid 'n pleidooi gelewer om by die samewerking tussen Nederlandstaliges ook Suid-Afrika en die Nederlandse ryksdele in Suriname en die Antille daarin te betrek. In *Neerlandia* van Nov. 1962 kom ook 'n verslag oor die jaarlikse Krugerdagherdenking te Utrecht voor, waarby Ambassadeur H. A. Rust o.m. gewys het op die stryd wat deur Staatspresident Kruger gevoer is. Vandag gaan dit ook om die vraag of daar toegegee moet word aan die eise wat die wêreld stel of dat Suid-Afrika moet bly staan by wat as reg en eerlik en Christelik beskou moet word. In dié verband het spr. o.m. verklaar: „Ons geloof en onze bede is, dat wij daarvoor de kracht en overtuiging bezitten (nl. om in S.A. te leef soos ons voorouers daar geleef het en ooreenkomstig die beginsels wat deur hulle gehandhaaf is). Liever sterven, maar met respect voor onself en met geloof in het oordeel van de rechtvaardige God, dan voort te leven, doch met schaamte in de ziel wegens gebrek aan moed en overtuiging voor het bewandelen van het pad van eer en recht”. Die byeenkoms is deur die N.Z.A.V. en die A.N.V. gereël.

In die ouderdom van 72 jaar is in Groningen (Nederland) prof. dr. Berend Gemser oorlede. Prof. G. was van 1926-1957 hoogleraar aan die Universiteit van Pretoria en tot 1960 hoogleraar aan die Ryksuniversiteit van Groningen. Prof. G. het 'n belangrike

aandeel in die Afrikaanse Bybelvertaling gehad. By geleentheid van sy heengaan het 'n kort herdenkingsbyeenkoms in die Aula van die Groningse universiteit plaasgevind, waarby prof. J. Wiardi die woord gevoer het. In die Desemberuitgawe van *Nederlandse Post* (Kaapstad, 1962) is 'n bydrae aan die oorledene en sy werk gewy.

Op 28.11.1962 is Prinses Wilhelmina van die Nederlande oorlede en op 8.12.1962 is haar stoflike oorskot in die koninklike grafkelder in die „Nieuwe Kerk” (Delft) bygesit. In *Die Vaderland* (29.11.1962) is o.m. verklaar: „In Suid-Afrika sal haar nagedagtenis veral in dankbare herinnering gehou word weens die hartverowerende daad jeens wyle President Kruger in sy donkere ure verrig.” In *Die Transvaler* van dieselfde dag is getuig: „Koningin Wilhelmina het oor 'n lang tydperk Nederland en Suid-Afrika verbind op 'n wyse waarop geen ander persoon dit kon doen nie.”

Ons maak ons lesers opmerkzaam op *Kroniek van Afrika*, 'n uitgawe van die *Afrika-Studiecentrum*, Rapenburg 8, Leiden (Nederland) waarin gereeld die vernaamste gebeurtenisse in ons wêrelddeel op grond van feite beskryf word. In November j.l. is die tweede jaargang van hierdie nuttige publikasie afgesluit.

In *De Toerist* (Antwerpen, V.T.B.) van Nov. 1962 het Marcel Lambin stilgestaan by die herdenking van die geboortedag van die gevierde Vlaamse skrywer *Hendrik Conscience* (1812-1883). Dit is minder bekend dat hierdie skrywer van *De Leeuw van Vlaanderen* ruim 100 boeke geskryf het. Nog tydens sy lewe is besluit om 'n standbeeld vir Conscience in Antwerpen op te rig. Lambin verstrekk o.m. besonderhede oor een van die laaste briewe van C. In die Desembernommer van dieselfde tydskrif is die begrafnis van C. beskryf. Op 19.9.1886 is die grafmonument van Conscience onthul. Onder die honderde kranse was daar ook een van die regering van die Zuid-Afrikaanse Republiek. In dieselfde uitgawe is die lewe en werk van die Vlaamse beeldhouer *J. Lagae* (1862-1931) bespreek. Hy was o.m. die skepper van die *Rodenbachstandbeeld* te Roeselaere (1909), die borsbeeld van *Guido Gezelle* (Kortrijk, 1894), die standbeeld van *K. L. Ledeganck* (Eeklo, 1897) en die *Gezellemonument* (Brugge, 1930).

Die inhoud van die Maartuitgawe van 's *Gravenhage* (1962) is gedeeltelik gewy aan die honderdjarige bestaan van die *Gemeentemuseum* en die Mei-uitgawe (1962) bevat, in die vorm van 'n alfabetiese lys, 'n groot aantal besonderhede van geskiedkundige- en kulturele belang oor Den Haag, 'n voorbeeld wat ongetwyfeld navolging deur ons publiseitsverenigings verdien.

Het Thorbecke-Archief 1798-1872 is die titel van 'n reeks werke wat aan hierdie bekende Nederlandse staatsman gewy is en waarvan die tweede deel as nr. 7 van die vierde serie van die publikasies van die *Historiese Genootschap* (Utrecht) by die uitgewer J. B. Wolters (1962) verskyn het. Die inhoud, wat deur *dr. J. Brand-Van der Veen* bewerk en van verduidelikings voorsien is, bestaan hoofsaaklik uit briewe wat in die tydperk 1820-1825 deur Thorbecke aan ander persone geskryf of deur ander aan hom gerig is. 'n Groot deel van die briewe van Thorbecke is in Duitsland geskryf (tekste in Nederlands en Duits). Dit is 'n besonder deeglike publikasie (543 pp.) en 'n ware bron van kennis vir almal wat belang stel in die lewe en werk van 'n vooraanstaande Nederlandse staatsman wat, deur sy werk en staatkundige opvattinge, 'n groot invloed op die staatkundige geskiedenis van Nederland gehad het.

Dr. Jan Ploeger.